Chemists PLUS apteke
CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
ASPU
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.
JAARGANG XXXIV NOMMER 8 23 MAART 1979

TOPS
Uitsig Deurloop
Tel. 21112
VIR: Rekenaars
Witjasse
Dissekteerstelle
* * * * *
Skoonheidsmiddels
* * * * *
Geskenke

# ASB- en NUSAS-leiers praat saam

- 'N BESKOUING DEUR ESTELLE OOSTHUIZEN

**Theuns Eloff het verlede week vir die eerste keer as 'n ASB-president die geleentheid gekry om studente van Wits op 'n massavergadering toe te spreek.**

**In die Great Hall op die Wits-kampus het mnr. Eloff en die president van NUSAS, mnr. Auret van Heerden (van UK), die studente toegespreek oor die Afrikaanse en Engelse student se onderskeidelike plek, rol en houding in en teenoor die gemeenskap.**

In sy toespraak het mnr. Eloff probeer om by die Engelse student 'n beter begrip te kry vir die Afrikaanse student en sy reaksie op die samelewing. Hy het die Christelik-Nasionale agtergrond van die Afrikaanse student, en sy opgroei in die oorbeskermende atmosfeer van 'n regse regeringsgesinde pers en 'n baie nou party politiekeagtergrond geskets.

"Die Afrikaanse student het nog nooit nodig gehad om dinge in die samelewing te bevraagteken of kritiek te lewer oor sy samelewing nie", het Theuns gesê. "Die hoop word egter uitgespreek dat die stand van sake sal verander namate die Afrikaanse student deur liggame soos die ASB bewus gemaak word van sy rol in die samelewing."



*Mnr. Theuns Eloff, die president van die ASB*

Theuns het gesê: "Die feit dat die Afrikaner nie sy lewens- en wêreldbeskouing segmenteer nie, maar multilateraal reageer op alle vlakke van die samelewing (onder andere sy kulturele, ekonomiese, politiese en godsdienstige siening), maak hom anders van die Engelse student".

Theuns het ook die rol wat die ASB in die politieke en kulturele vorming van die Afrikaanse student speel, onderstreep. Hy het gesê: "Die ASB wil onder andere hê dat die Afrikaanse student meer bewus gemaak moet word van sy gemeenskap sodat hy meer krities daarteenoor kan staan".

Hy het verwys na die aard van die Afrikaner wat hom deur die loop van die geskiedenis (twee vryheidsoorloë, die 1914 Rebellie, 1922 mynwerkerstaking, Sharpville-1961 en Soweto-1976) as baie doelgerig en standvastig bewys het.



*Mnr. Auret van Heerden, die president van NUSAS.*

Theuns het 'n waarskuwing aan die Engelse student gerig om die Afrikaanse student nie te forseer in 'n rigting waarheen hy nie wil gaan nie.

Dele van die gehoor was uiters simpatiek en het telkens, ter ondersteuning van Theuns, hande geklap.

Mnr. Auret van Heerden het die positiewe erkenning aan Theuns gegee. Hy het gesê die Engelse studente het waardering vir die onskuld, naïwiteit, eerlikheid en goeie voornemens waarmee die ASB die politieke sfeer betree het.

Mnr. Van Heerden het egter telkens met uitlatings oor die ASB heeltemal van die onderwerp nl. Die Engelse student en NUSAS in die Suid-Afrikaanse samelewing, afgedwaal en hom ongevraag uitgelaat oor 'n punt wat glad nie ter sake was nie.

Hy het verder gemeld dat NUSAS baie meer gehard is as die ASB aangesien dit makliker vir Engelse studente is om die foute te besef en kritiek uit te spreek oor onder andere die apartheidsbeleid en die Suid-Afrikaanse universitêre sisteem.

"Die belangrikheid wat die joernalistiek of 'n regsberoep of die forum van studente-wees aan die Engelse student bied om verandering te propageer, moet nooit onderskat word nie," het mnr. Van Heerden gesê. Hy sê die Engelse student moet te alle tye veg om nie uit die drie hiper-belangrike sfere geskop te word nie. Mnr. Van Heerden het ter stawing van sy punt die volgende statistiek aangehaal: 4 000 mense is gedurende die eerste vyftien dae van Januarie in Johannesburg alleen volgens die paswet in hegtenis geneem. Sulke en soortgelyke alledaagse gebeurtenisse, sê hy, skreeu om hervorming.

Aan die einde van sy toespraak het mnr. Van Heerden gesê die onvergeeflike van die ASB is dat hy steeds die behoud van 'n rassistiese regering wat 'n vernederende en verfoeilike beleid oor tuislande en trekarbeid handhaaf, voorstaan.

Dele van mnr. Van Heerden se toespraak is minder goed deur die studentemassa ontvang.

Die vrae na die afloop van die twee toesprake was almal aan mnr. Eloff gerig en was van so 'n uitdagende aard dat mnr. Eloff alle krediet verdien vir die ferme, kalme en redelike wyse waarop hy die vrae beantwoord het.

Na afsluiting van die vergadering het baie studente persoonlik met Theuns kom gesels en hom uitgevra oor die aard van die ASB en die ASB se standpunt oor sekere aangeleenthede.

# Henderson bekommerd oor druipsyfer

**Prof. D.S. Henderson, die rektor van Rhodes Universiteit, het baie duidelik laat blyk dat die 55 persent slaagsyfer van die studente in Suid-Afrika, hom nie baie aanstaan nie. As dit vergelyk word met die 80 persent slaagsyfer van die mediese skole, is dit nog slegter.**

Die oplossing wat prof. Henderson aanvoer, is dat die regering studente glad nie moet subsidieër nie, maar dat die regering aan studente lenings moet toestaan. Indien 'n betrokke student sy graad nie binne drie jaar verwerf nie, is hy verplig om die lening terug te betaal.

Hierdie voorstel kan groot besparings vir die land inhou, veral in die huidige ekonomiese klimaat. Soos prof. Henderson die saak gestel het, blyk dit 'n baie billike voorstel te wees, maar prof. Tjaart van der Walt het egter ten opsigte van 'n paar punte probleme met só 'n voorstel geopper. Een van die belangrikste probleme is dat universiteite studente gaan probeer trek om geld in die hande te kry. Die voorstel kan egter baie geslaagd wees indien hierdie probleem uitgeskakel kan word.

Dr. Steyn het die logika agter staatsubsidies verduidelik en 'n belangrike punt wat hy genoem het, is dat die staat gepoog het om die verhouding tussen studente en dosente so laag as moontlik te hou. Die ideaal is tien tot vyftien studente per dosent.

Hierdie poging het ontstaan ná die studente-opstand van 1965, waar die studente se grootste klag die onpersoonlikheid van die universiteite en dosente was. Hy het die moontlikheid van 'n kompromie tussen die huidige stelsel en die voorstel van prof. Henderson in die vooruitsig gestel.

By al drie die sprekers het die idee om meer verantwoordelikheid aan studente toe te ken, na vore gekom.

Alhoewel die vergadering vir studente gereël is, is dit swak deur studente bygewoon. Uit die ongeveer dertig teenwoordigers was minder as die helfte studente.



*Prof. D.S. Henderson (links) wat as spreker opgetree het by 'n vergadering van die Akademiese Raad oor staatsubsidies. Prof. Tjaart van der Walt sit regs.*

**TERUGGENEEMDE VOORRAAD**

Voetstoots en kontant

Besigtig Rossstraat 14, Potchefstroom Industrie

| | |
|---|---|
| 1 x Kasset speler | R15,00 |
| 1 x Philips freeway kar radio | 15,00 |
| 1 x Philips stereo kasset speler | 79,00 |
| 2 x Philips freeway kasset speler | 18,00 |
| 1 x Sharp kar radio | 39,00 |
| 1 x FM kar radio | 20,00 |
| 1 x Radiohorlosie nuut | 39,00 |
| 1 x Stereo Hoëtroubanddek | 99,00 |
| 1 x Stereo Hoëtroustel | 199,00 |
| 1 x Pioneer Hoëtroustel | 499,00 |
| 1 x Wekker | 3,95 |
| 1 x Elektroniese rekenaar | 5,00 |
| 1 x Elektroniese rekenaar (met alle funksies) | 19,00 |
| 1 x FM Dra radio | 16,00 |

ALLI'S

Winkel no 29, Indiërsentrum, Tel. 3810.

# AR WIL STANDAARD VERBETER

**Die nuwe struktuur van die Akademiese Raad is geïmplementeer met die doel om die akademiese standaard van die PU te verhoog.**

Die Akademiese Raad het op die oomblik twee ondervoorsitters, mnr. Louw van Biljon, voorsitter van die Verenigingskomitee, en mnr. Nico Lemmer voorsitter van die Inter-fakultêre komitee. Al die verenigings van die AR ressorteer nou onder die Verenigingskomitee terwyl die klasverteenwoordigers onder die Interfakultêre komitee ressorteer.

Die taak van die klasverteenwoordigers is om die kommunikasie tussen student en dosent te vergemaklik. Wedersydse probleme kan deur middel van die klasverteenwoordiger opgelos word. Klagtes soos byvoorbeeld die swak klasbywoning, swak doseermetodes en die tempo en hoeveelheid van werk kan van beide kante met die klasverteenwoordiger opgeneem word. Dit sal ook die klasverteenwoordiger se plig wees om praktiese dinge soos die uitdeel van toetsboeke en die neem van presensie te behartig en om seminare te lei, studiestukke op te stel en handboekbestellings te kontroleer.

Elke departement se klasverteenwoordigers sal op die betrokke Departementele komitee sitting hê. Die voorsitter van die Departementele komitee het sitting op die Fakulteitskomitee, en die Fakulteitsvoorsitter het sitting op die AR as lid van die Interfakultêre komitee.

Daar is reeds 'n denkskrum in samewerking met dosente (in hul private hoedanigheid) deur die AR gehou. Volgens mnr. K. Viljoen, voorsitter van die AR, bestaan daar onder sekere dosente die wanindruk dat die studente probeer om drukgroepe te vorm. Die struktuur is vlg. mnr. Viljoen egter daargestel om samewerking tussen dosent en student op 'n georganiseerde manier te bewerkstellig.

# SACLA Konfereer

**'n Weeklange Christen-leierskapskonferensie word gedurende die Julie-vakansie in Pretoria gehou. Christene vanuit alle kulturele, denominasionele en rassegroepe gaan hieraan deelneem.**

SACLA, die Suid-Afrikaanse Christen-leierskapsbyeenkoms, was 'n eenmalige byeenkoms en het nie ten doel om 'n nuwe kerk in Suid-Afrika tot stand te bring nie.

Op 6 Maart het 'n SACLA-koördineringskomitee op die PU-kampus vergader. Die vergadering is deur verteenwoordigers van die Hervormde Teologiese Studentevereniging, Teologiese Studentevereniging, die AGS - Studentevereniging, die Korpsraad, die Wysbegeerte vereniging en 'n aantal individuele Christene bygewoon.

Die doel van die koördineringskomitee is hoofsaaklik om SACLA bekend te stel, en om die registrasie en vervoerreëlings na die SACLA-konferensie te tref.

Die konferensie word van 8 tot 15 Julie op die Pretoriase Skougronde gehou. Konferensiegangers sal 'n registrasiefooi van R25 moet betaal. Subsidies is beskikbaar vir diegene wat nie die middele tot hulle beskikking het nie.

Christene wat meer inligting aangaande SACLA verlang, kan mnr. Pieter Fourie tussen 13h00 en 14h00 by die SSR-kantoor kontak.

## WIE WAT WAAR WANNEER WAAROM

## Stoker word tagtig

**Op Donderdag** 29 Maart sal die Stokerlesings wat jaarliks aan die PU gehou word, plaasvind. Prof. H.G. Stoker word vanjaar 80, en daarom beplan die organiseerders 'n jubileumviering.

Dr. J.A. Heyns sal oor enkele aspekte van Calvinisme praat. Hierna sal die gebruiklike paneelbespreking gehou word.

Die dinee sal die vorm van 'n aansitete aanneem. Studente betaal R1,50 en dosente R3,00.

## Studiekring gehou oor identiteit

**Studiekring** bied op Maandag 26 Maart om 19h00 'n vergadering in die Senaatsaal aan. Mnr. Theuns Eloff sal oor die ASB-tema, **Identiteit - myne en joune,** praat.

Dit is 'n oop vergadering en alle belangstellendes is welkom.

## Hempies nog beskikbaar

**Karnaval** '79 T-hempies is nog teen R3,50 by die Puk-Pik te koop.

## Kaartjies vir rugbydag

**Vervoer** word vir die rugbydag wat by Wits gehou word, gereël. Kaartjies, wat drie rand kos, kan by die SSR-kantoor bespreek word. Die busse vertrek om 10h00 en keer ná die wedstryd terug. Toegangskaartjies vir die wedstryd beloop een rand en is ook by die SSR-kantoor beskikbaar. Geen drank sal op die terrein toegelaat word nie.

## Besembosredakteur gesoek

**Daar is** 'n vakature vir 'n Besembosredakteur - aansoeke word ingewag vòòr Vrydag, 30 Maart 1979, in die bussie van Anne-Marie Jacobs in die Studenteraadskantoor.

## Swartman oor SACLA

**Vusi Khanyile,** 'n voormalige ondervoorsitter van die Universiteit van die Noorde, praat Maandag, 26 Maart, om 20h00 in die Geografiesaal oor die betekenis van SACLA vir die Swartman.

# STUDENTE BESKOU MARXISME

**'n ASB-Wysbegeerte Konferensie met die tema, *Marxisme - Strominge en Invloede,* is Saterdag 17 Maart op die kampus van die PU aangebied. Mnre. P.J.J. van Veuren van RAU en P.J.J.S. Potgieter van die PU het as gasprekers opgetree en studente van UP en RAU het ook die geleentheid bygewoon.**

Mnr. Potgieter, verbonde aan die Departement Staatsleer aan die PU se referaat het gehandel oor **Die Betekenis van die Marxisme vir Suid-Afrika Vandag.** Hy het genoem dat Marxisme soos wat dit vandag in Sowjet-Rusland bedryf word, feitlik niks meer ontleen aan die klassieke ideologie van Marx en Engels nie, maar dat die Russiese Sowjet-kommunisme in die twintigste eeu onder die invloed van Lenin en Stalin in 'n ontbindingsproses wat gemik is op imperiale en ekonomiese mag, ontaard het.

Mnr. Potgieter het gesê dat hy hom distansieer van die naïewe siening dat kapitalisme en demokrasie as enigste alternatiewe vir die Marxisme gestel word, aangesien die aanslag nie bloot ideologies van aard is nie, maar eintlik op ekonomiese en militêre vlak lê.

Hy is egter van mening dat ons vandag in S.A. te doen het met Marxisme as ideologiese aanslag vir sover dit as instrument van die Sowjet-Unie gebruik word om die wit-swartkonflik in Suid-Afrika uit te buit.

Mnr. P.J.J. van Veuren wat gepraat het oor **Waarom Neo-Marxisme?**, het die klem laat val op die Neo-Marxisme in ons tyd as reaksie op die Marxisme.

Hy het die oorsprong van Neo-Marxisme in ons tyd uitgelig aan die hand van die Marxistiese verwagtingskema, ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling na die Russiese Rewolusie en die opkoms van Nasionaal-sosialisme in Duitsland en Italië.

In die laaste gedeelte van sy rede besin hy oor die Neo-Marxistiese kritiek van ons tyd.

Ná middagete is 'n paneelbespreking gehou waarop opvattings wat gewoonlik deur studente gehuldig word, bespreek is. Die konferensie is met 'n braaivleis afgesluit.

# Affikampus

## INTERUNIVERSITÊRE REDAKSIE

# THEUNS ELOFF SPREEK TUKKIES TOE

**Mnr. Theuns Eloff, die ASB-President, het tydens 'n massavergadering die TUKS-studente toegespreek oor die ASB.**

Die hooftema van mnr. Eloff se toespraak was waarom en in welke mate Afrikaanse studente betrokke moet wees by die ASB.

Die redes wat deur mnr. Eloff aangevoer is vir die noodsaaklikheid van studentebetrokkenheid, was dat die ASB slegs deur studentebetrokkenheid 'n forum kan wees vir die Afrikaanse student om sy standpunt te stel en ook wakker geskud kan word om sy taak raak te sien en sy deel te doen. Die leiers van môre studeer tans aan universiteite en kolleges en hulle betrokkenheid by 'n belangrike Afrikaanse studente kultuurorganisasie is van die uiterste belang.

Die Afrikaanse student besef nie altyd sy rol in die kritieke Suid-Afrikaanse situasie nie, daarom moet hy by die ASB betrek word sodat hy gelei word om te help soek na 'n vreedsame oplossing vir die Suid-Afrikaanse vraagstukke. Die positiewe sy van die Inligtingsdebakel is dat dit die oë van die Afrikaanse student geopen het vir die feit dat ons regering ook gewone mense is wat menslike foute kan begaan.

"Krities gebalanseerd" is die sleutelwoorde wat studentebetrokkenheid moet beskryf. Die student moet met sy hart sowel as sy verstand dink. Die lees van berigte en artikels oor die ASB in beide die studente- en nasionale pers kan baie bydra tot die student se vorming en leiding betreffende studentepolitiek.

Deur betrokkenheid by die kulturele aksies soos Fiësta en Kuesta en politiese aksies (die lees van ASB-publikasies oor onder andere Kruispad en rassisme) word die Afrikaanse student op die pad na selfdenkendheid en volwassenheid oor die hele spektrum van sy lewens- en wêreldbeskouing (ekonomies, polities, kultureel, ideologies en opvoedkundig) gelei.

Die kwessie van affiliasie en disaffiliasie het ook ter sprake gekom en mnr. Eloff het gesê dat die huidige stelsel slegs as oorgangsfase tussen die algemene affiliasie van die verlede en positiewe affiliasie van die toekoms, dien.

Die onderwyskolleges voel blykbaar dat daar te veel politiek in die ASB gepraat word. Mnr. Eloff se standpunt hieroor is dat die ASB as 'n Afrikaanse studenteorganisasie 'n geïntegreerde aard moet hê. Politiek, sport, ekonomie en opvoeding is almal saam verweef in die oorkoepelende kulturele doel van die organisasie. Geeneen is losmaakbaar van die ander nie. 'n Duidelike onderskeid word egter gemaak tussen politieke betrokkenheid en party-politieke propaganda.

Die vrae wat vervolgens aan mnr. Eloff deur die Tukkies gestel is, het gehandel oor die taak van die ASB waarop mnr. Eloff geantwoord het dat daar twee vlakke in die taak onderskei kan word, naamlik eerstens om kennis weer te gee aan die studente oor aktuele sake (byvoorbeeld Kruispad en rassisme) en tweedens om studente van hulle politieke pligte bewus te maak.

'n Verdere vraag wat opgeduik het, was hoe verteenwoordigend die ASB werklik is. Mnr. Eloff se antwoord hierop was dat die Nasionale Party en NUSAS maar met dieselfde probleem te kampe het. Daar is onegsame publisiteit aan disaffiliasie verleen om studente daaroor in te lig. Die ASB beskou homself gevolglik verteenwoordigend in soverre die studente wat nie gedisaffilieer het nie, hom by implikasie steun.

# AFFIKAMPUS FLITS

- Die veelbesproke SR-lid van Wits, mnr. Dan Roodt, se jongste uitspraak oor die SR van Wits lui as volg:

"If our SRC is really representative, we have the dullest most mentally pedestrian campus in entire South Africa."

(UIT: MNR. ROODT SE KULTURELE AANGELEENTHEDE VERSLAG SOOS AANGEHAAL IN WITS STUDENT 5 MAART 1979)

# ENGELSE STUDENTE RAAK MEER BETROKKE

**Kommentaar deur Estelle Oosthuizen.**

**Iets wat 'n mens dadelik opval na die onlangse besoek van mnr. Theuns Eloff, ASB-president aan onderskeidelik die WITS- en TUKS-kampusse is die diepliggende fundamentele verskille wat daar tussen die twee studentegemeenskappe is.**

**Die betrokkenheid van die Engelse student in teenstelling met die byna belangeloosheid van die Afrikaanse student is die eerste teer puntjie. Die Great Hall op die Wits-kampus was ongeveer sewe-agtstes vol toe mnr. Eloff, die ASB president, en mnr. Auret van Heerden, die NUSAS-President, Dinsdag 13 Maart 1979 hulle onderskeie toesprake daar gelewer het.**

**Op die TUKS-kampus dieselfde aand, was die prentjie heel anders. Die saal in die Kanseliersgebou was te groot vir die handjievol studente wat opgedaag het. Gevolglik is die vergadering na 'n kleiner lesingsaal verskuif . . . en dit nogal met 'n massavergadering waar die kandidate vir die SSR-tussenverkiesing hulle standpunte gestel en deur die studentemassa met vrae gepeper kon word. Die apatiese houding van die studentemassa van Tuks, is regtig betreurenswaardig.**

**Die aard van die vrae en die tempo waarmee die vrae aan mnr. Eloff gestel is na afloop van sy toespraak, het weereens die verskille tussen die twee studentegroepe beklemtoon.**

**By WITS was die vrae meestal van 'n beleidsaard en die standpunt van die ASB oor sekere aktuele sake. Nadat die vergadering verdaag is, is die geleentheid aan studente gebied om persoonlik vrae aan mnr. Eloff te kom stel. Die reaksie was verrassend. Mnr. Eloff het hom met moeite later verskoon om 'n eteafspraak met die WITS-Studenteraadvoorsitter en 'n paar studenteraadslede na te kom.**

**Die vrae wat die Tukkies gevra het was meestal oor die aard van die ASB en ander organisatoriese sake. Slegs vier vrae is aan meneer Eloff gestel.**

**Is die houding van die Tukkies nie dalk weerspieëlend van al die Afrikaanse universiteite se belangeloosheid nie? Dit sou dalk goed wees vir die Afrikaanse studente om vir eenmaal hulle kritiek oor die Engelse universiteite vir 'n oomblik te laat staan en die positiewe van hulle studentebetrokkenheid raak te sien en daaruit te leer.**

# Weerbaarheid beoog

**Die weerbaarheid van die Universiteit en hulpverleningswerk gaan uitgebou word.**

Mnr. Gert Breed wat die portefeulje Weerbaarheid op die SSR beklee, sê dat daar in elke koshuis 'n HK-lid is vir weerbaarheid.

Volgens mnr. Breed gaan 'n drafklub vir dames gestig word. Dames wat nie aan sport deelneem nie of sommer net lus voel om soggens 'n ent te gaan draf, kan hulle KH-lid vir weerbaarheid kontak. Dit gaan suiwer om ontspanning en algemene fiksheid en is nie ingestel op kompetisie nie.

Daar gaan 'n pistoolklub vir mans gestig word. Belangstellendes moet hul HK-lid vir weerbaarheid kontak. Daar is alreeds 'n pistoolskietklub vir dames. Hulle oefen Maandae en Donderdae.

Onder dr. N.J. Tiedt, 'n nuwe dokter by KMD, gaan daar nou van opgeleide personeel gebruik gemaak word om noodhulp op die kampus uit te bou. Die noodhulp sal onder KMD ressorteer.' Mnr. N. Kotze van die studenteburo sê studente wat reeds opleiding ontvang het kan daarmee help.

Maj. du Toit van Sekuriteit het gevra dat 'n noodspan uit die studente saamgestel moet word. Hierdie noodspan sal in die dorp kan help tydens 'n noodtoestand. Hulle sal onder andere in tye van nood kan help met verkeersregulering en noodhulptoediening. Mans en dames sal opgelei word en belangstellendes hoef nie kwalifikasies te hê nie.

Vir die dames gaan daar in samewerking met die weermag 'n kursus in radiobeheer aangebied word. Dames kan vir mnr. Gert Breed kontak in die verband.

Enige navrae in verband met weerbaarheid en belangstellendes in enige van bogenoemde sake kan óf hulle HK-lid vir weerbaarheid óf mnr. Gert Breed, SSR-lid vir weerbaarheid kontak.



*Mnr Gert Breed, SSR-lid vir Weerbaarheid*

# Koshuispersoneel kry dalk Sondae vry

**'n Moontlikheid dat daar voortaan nie meer Sondagoggende en Sondagaande in die eetsaal geëet gaan word nie, word ondersoek.**

Die koshuisbeheerkomitee het 'n komitee van ondersoek aangestel om die moontlikheid van kafeteria-etes te ondersoek in die plek van die aansitetes saans.

Mnr. Gert Breed, voorsitter van die Koshuisraad, is ook op die kommissie aangestel. Hy sê dat die aandgodsdiens by sommige koshuise dan uitgeskakel sal word.

Mnr. Breed sê dat die moontlikheid van geen etes in koshuisetsale op Sondagoggende en -aande ondersoek word. Dit word beoog sodat die matrones en ander betrokkenes Sondae kerk toe kan gaan. Sondagoggende en -aande sal daar dan in die koshuise tee en beskuit of vleispasteitjies bedien word.

Die moontlikheid dat die skoonmaak van koshuise op Sondae gestaak gaan word, word ook ondersoek. Mnr. Breed sê dat ons 'n Christelike Universiteit is, maar dat die bediendes en matrones op Sondae presies dieselfde werk as in die week doen. Die skoonmaak van koshuise op Sondae is nie nodig nie – hulle kan korter ure werk en ook kerk toe gaan.

Die Koshuisraad wil ook die primari en primariae beter aan die massa bekendstel. Dit sal gedoen word deur waar die massa in groot getalle saamgetrek is bv. oriëntering, hulle bekend te stel. Die primari sal ook voortaan die koshuisvergaderings van ander koshuise bywoon. Dit word gedoen om waar die koshuise mekaar goed opgekeil het in Karnaval en ook op die sportveld met mekaar wedywer, tog aan 'n eensgesinde en gesonde PU-gees te bou.

Op die vorige koshuisvergadering het die primari en primariae mondelings verslag gedoen oor oriëntering. Die aanbevelings en wenke sal aan die adjunk-voorsitter van die SSR voorgelê word.

Ook sal 'n verslag oor die Karnaval aan die Karnavalkomitee voorgelê word waarin aanbevelings gedoen en probleme in verband met die Karnaval genoem sal word.

# Rusland begin nie in 1917

**Mnr. Leno Rust, 'n navorsingswetenskaplike aan die Sentrum vir Internasionale Politiek, het gedurende 'n etensuurbyeenkoms van die Sentrum op 6 Maart, 'n referaat oor die geskiedenis van Rusland gelewer.**

Volgens mnr. Rust is 'n historiese onderbou nodig om die huidige sinvol te hanteer. Daar loop 'n goue draad deur die Russiese geskiedenis wat 'n mens van die begin af kan deurneem. Die geskiedenis van Rusland begin nie in 1917, soos baie mense dink nie. Die Rooi Revolusie van 1917 het wel 'n nuwe dimensie aan die buitelandse beleid van Rusland gegee, maar dit het nie 'n radikale verandering teweeggebring nie.

Onder Iwan die verskriklike (Iwan IV), die eerste Tsaar van Rusland, het die grondgebied van die land geweldig uitgebrei. Reeds hier kan die ekspansiedrang van die Russe duidelik gesien word.

Pieter die Grote wou uit Europa neem wat goed is en Rusland daarop bou. Katherina die Grote het bygedra tot die verdere gebiedsuitbreiding van Rusland.

Rusland het ook na die Ooste uitgebrei. In 1860 het hy beheer oor Wladiwostok verkry. Die Trans-Siberiese spoorlyn is in 1890 gebou. Daarby het Rusland ook die reg verkry om 'n spoorlyn deur Mantsjoerye, tot by Port Arthur, te bou. Hiermee is die lank gekoesterde ideaal van 'n ysvrye hawe verwesenlik.

In die negentiende eeu het die tsaar met ernstige binnelandse probleme te doen gekry. Die Russe was agterlik en hulle het die begeerte gehad om te verbeter. Daar was allerlei revolusieonêre strominge en 'n gevoel van Pan-Slawisme het geheers.

Uit die politieke chaos wat voor die Eerste Wêreldoorlog geheers het, kan die tsaar nie orde skep nie. Op 1 Augustus 1914 het Rusland oorlog teen Duitsland verklaar. Sy bondgenote moes hom ekonomies en andersins steun. Die Russiese soldate was ongemotiveerd en onpatrioties weens die kommunistiese propaganda.

In Maart 1917 het Tsaar Nikolaas II ten gunste van Alexander Kerenski geabdikeer. In November 1917 het die Kommuniste die land oorgeneem en die vernederende Vrede van Brest-Litowsk is met Duitsland gesluit.

Onder kommunistiese bewind het Rusland van krag tot krag gegaan. Die land het tegnologies ontwikkel en geïndustrialiseerd geword.

Rusland se sukses in die Tweede Wêreldoorlog is te danke aan sy duidelik omlynde oogmerke. Dit is ondersteun deur Hitler se strategiese foute en Rusland se Westerse bondgenote se kortsigtigheid.

Die Tweede Wêreldoorlog het Rusland se ekspansiedrang momentum laat kry. Dit is verder versterk deur die Kommunistiese ideologie, wat 'n stewige fondament is vir uitbreiding en aggressiwiteit.

Rusland se strewe na wêreldoorheersing gaan vandag nog voort, alhoewel dit telkens by veranderde omstandighede aangepas word.

# FIESTA IS VANJAAR OP RAU

**Fiesta, ASB se studentefees, word vanjaar vanaf 31 Mei tot 2 Junie op die kampus van die Randse Afrikaanse Universiteit aangebied.**

Die program sluit voorlopig die volgende kursusse in:

- Valskermspring
- Pistoolskiet
- Dans ("Ballroom" sowel as "Disco")
- Binneshuisversiering
- Ken-jou-wyn-en-tabak
- Muurbal en Gholf (Gevorderde afrigting duur twee dae, kampioenskappe op die derde dag).
- Fotografie
- Bak-'n-brou en Onthaalkuns
- Macramé
- Radiowerk ("Citizen Band", tweerigtingradio's en installering)
- Motorherstelwerk
- Blommerangskikking en Batik
- Klere-ontwerp

Minstens tien studente per kampus moet in 'n kursus belangstel voordat dit aangebied word. Dit is dus noodsaaklik dat studente in groot groepe inskryf om te verseker dat sy kursus aangebied word. Dit is moontlik vir 'n student om vir twee kursusse in te skryf.

Daar sal tot 28 Maart 'n lys in die SSR-kantoor wees waarop belangstellendes hulle name kan aanbring. Sodra die lyste van die verskillende kampusse gein is, sal bekendgemaak word watter kursusse aangebied sal word, en hoeveel die inskrywingsfooie en ander kostes sal bedra.


# Tweedejaarskamp was suksesvol

**'n Suksesvolle tweedejaarskamp is van 16 tot 18 Maart deur 42 eerstejaars van die PU bygewoon.**

Die temas wat bespreek is, het die volgende onderwerpe ingesluit:

- Tweedejaar en Pukwees
- Die oplossing van 'n oorlewingsprobleem
- Groepsdinamika
- Tweedejaar en kampusstruktuur
- Tydsindeling, besteding en benutting

Daar is ook 'n bespreking oor aborsie gehou. Die Bybelstudie het gehandel oor Johannes. Die kampgangers het gesamentlik bygedra tot die kerkdiens op Sondag.

# DIE MEESTE BANKTYD VIR DIE BESIGE STUDENT

**Weekdae 8 vm. - 4.30 nm.**
**(Woensdae ook)**
**Saterdae 8 vm. - 11.30 vm.**

Dit is 13½ uur meer per week — so goed soos 1½ dag ekstra elke week.

Ons bestuurder, mnr. G. W. Smit, nooi studente vir 'n koppie tee of koffie by ons gerieflik geleë kantoor by Esselenstraat 7, (Die Bult) Potchefstroom. Tel. 4626.

Spesiaal ontwerpte knipbord-vouers is gratis beskikbaar aan Trust Bank-spaarrekeningkliënte. Ons bied ook alle bouverenigingdienste.



*Mnr. G.W. Smit*

DIE TRUST BANK

Daar wag 'n nuwe wêreld vir u by Die Trust Bank.

596/692

# Spektrum 1979

# Skemer Wenen vonkel

**Die eerste Skemervonkel in die foyer van die PU Kamertoneel beloof om liefhebbers van musiek te bekoor en nonliefhebbers te bekeer . . .! Onder leiding van Brenda Potgieter neem Rina Hugo en Paul Schutte se stemme ons na "Wenen, stad van my drome . . ."**

Wenen, die werkplek van menige groot komponis, Wenen die stad van Johann Strauss, die wals en die Blou Donau . . . Brenda se Wenen is die stad van die "Heuriger", die gemoedelike wynhuise waar vriende bymekaarkom en na die Schrammelmusiek van viool en kitaar, trekklavier en kontrabas met oorgawe luister.

Vir 'n uurtjie van heerlike gesinsvermaak is die eerste SKEMERVONKEL van die Departement Spraakleer en Drama in die foyer van die Kamertoneel 'n uitstekende keuse.

Wenen, stad van my drome o.l.v. Brenda Pogieter 26-30 Maart.



*Die Potchefstroomse "Wiener Schrammel Ensemble" is die musikante wat mens met musiek wegvoer na "Wenen, stad van my drome". (Foto: Frik Schoeman).*

# KALENDER 79

*KUNSUITSTALLINGS*

***26 Maart - 6 April: Riena van Graan - 'n uitstalling in die Frans du Toit-kunslokaal.***

*MUSIEKUITVOERINGS*

***26 Maart : Heinrich Schiff, Oostenrykse tjellis, begelei deur Lamar Crowson.***

*DEPARTEMENT SPRAAKLEER EN DRAMA*

***26-30 Maart: Skemervonkel- "Wenen, stad van my drome" o.l.v. Brenda Potgieter.***

***31 Maart en 2-11 April: Die Rissie- Charles Marowitz- Regie: Liesbet Schoeman.***

*CINE- PUK*

***30 Maart: Wild Bunch: Vrydae 17h30 en weeksdae 19h30***

## Gedigte

*die gekneusde holte van hul oë*
*rook roosmaryn en winterslaap*
*klein seuntjies wat in vensterbanke droom*
*piece de resistance van die kunsklas*

*met sy uitgeteerde leermeesteres met*
*mosgroen oë wit jas verwese fladderend*
*en twintig besieldes besoedeldes wat*
*verbete bid om kruis na kwas*

*oor 'n kweper en 'n fletsie glas*

*NANETTE PRETORIUS*

*Wie het my geharlekyn*
*sy mantel, mus en tamboeryn*
*soos wafferse nar*
*in my waarheid kom skyn*
*Het jy my dan met hanekraai*
*met tossels en linte en bokspring*
*en paai die koning*
*bedrewe van sy sonde verraai*

*WILMA VAN DER WALT*

## KOMPETEER MET POËSIE

**Die Wapad bied weer vanjaar in samewerking met ASPU 'n poësiekompetisie aan. Die wengedigte word ingeskryf vir 'n landswye kompetisie waarin die meeste kampusse sal deelneem. Die sluitingsdatum is 7 Mei 1979 en geen laat inskrywings sal aanvaar word. Verdere besonderhede sal in volgende week se Wapad verskyn.**

Die reëls van die poësiekompetisie is as volg:

- Elke deelnemer kan meer as een gedig inskryf, maar word beperk tot 'n maksimum van vyf gedigte.
- Van elke gedig moet drie afskrifte gemaak word. Waarvan een die volledige naam en adres van die deelnemer moet hê. Die ander drie hoef net voorsien te wees van 'n skuilnaam of naam.
- Al die inskrywings moet in die Wapad-bussie by die SSR-kantoor geplaas word. Dit moet asseblief duidelik WAPADPOËSIEKOMPETISIE gemerk wees.
- Die redaksielede mag wel aan die kompetisie deelneem, maar kom nie in aanmerking vir die pryse nie.
- Ingeskrewe gedigte mag nie reeds in 'n nasionale publikasie verskyn het nie.
- Die wengedig sal in die Wapad geplaas word.

Verdere besonderhede kan verkry word by André Howard (3468) en Johan Myburg (6568).


Mode 'Bewuste 'Dames

Antonion, van Maison Hazelette, (Tel 5570, oorkant Checkers) is pas terug van 'n kursus in die

Nuutste Haarsny en Kartelings metodes.

Kom vra vir Antonio vir die allernuutste voorkoms teen

Spesiale Studente Pryse


# RISSIE KRIEWEL IN DIE MAAG

**'n Vertaling van die werk van Charles Marowitz, The Shrew, word vanaf 2 tot 11 April as Die Rissie in die PU Kamertoneel aangebied.**

In dié werk maak Marowitz gebruik van die klassieke werk van Shakespeare, Taming of the Shrew (1593). Dié werk van Marowitz is beslis nie 'n komedie wat ontspanning en ontvlugting vir die gehoor bied nie. Marowitz behandel die gehoorlid net so subtiel wreed as die karakters in die stuk. Die skrywer ontstel 'n mens, hy laat jou wonder, her-oorweeg. Hy bereik wat elke goeie teater veronderstel is om te bereik, naamlik, om die gehoorganger so ver te kry om passiewe aanvaarding van die bekende dinge te verruil vir 'n her-ondersoek van waardes wat dieper as die oppervlakte dring.

# CINE PUIK VERTOON REKLAMEFILMS

**Mej. Anne-Marie Jacobs beoog om in samewerking met die Cine Puk 'n reeks reklamefilms oor die verskillende rade en verenigings op die PU saam te stel.**

Daar is so baie verskillende verenigings dat die meeste studente nie weet wat dit alles behels nie. Die skuifies sal deur die verenigings verskaf word en sal so saamgestel word dat dit lig op die bedrywighede van die spesifieke vereniging werp. Hierdie skuifies sal dan as voorprente deur die Cine Puk vertoon word.

Die presiese datum wanneer daar met die vertonings begin sal word, is nog nie vasgestel nie. Mej. Jacobs het gesê sy sal teen die middel van Maart met 'n ondersoek na die beoogde projek begin.

# Koshuis

## Makouvlei

Die laaste crescendo-gille van 'n dorelied het nog trillend oor die dak van die sentrale eetsaal aangesweef gekom, en 'n bloedbevlekte studentesentrum het nog stilswyend sy verdoemende getuienis van wraak en vergelding teen ongewenste indringers gedra . . . toe hou ons Makoue al ons eerste amptelike koshuisberaad vir die jaar 1979.

Die beraad, gekenmerk deur die strengste wanorde en mees vasberade vervelendheid, het aan die een kant trekke getoon van optimisme, aan die ander kant trekke van pessimisme en aan die derde kant trekke van karnavalisme.

Terwyl die een voorstel na die ander geveto word en nuwe voorstelle met groot erns en na diepe oorweging ter tafel gelê is, het die gees van Makouvlei weer begin herleef na die uitputtende vakansie.

Die puinhope van oorwinning wat in en om Makouvlei opgestapel staan, spreek hard en duidelik van die dae en nagte wat omgeswoeg en omgesweet is, en van die nuutgevonde liefdesbande wat daar tussen ons en Karlien in die besonder gesmee is.

Karlien, ons salueer jou vir die karnavalste-karnaval in jare, en die naklank sal in die eeue wat kom nog lank gehoor word. Dis 'n karnaval waarvan ons agterkleinkuikens en agterklein(donkie)-vullens sal praat.

## Wanda

Karnaval het sy tol ook hier geëis. Af arms en bene, seer spiere en hope agterstallige werk is aan die orde van die dag. Binne in jou weet jy egter dat dit die moeite werd was. Dankie Caput vir 'n grootse karnaval. Sonder julle sou dit nie dieselfde gewees het nie.

Met die intrapslag het Wanda op 'n hoë noot begin, deur die damestrapkar te wen. Ook by die Kaap-na-Rio, toutrek, en wisselloop het ons ons stemme dik gemaak. Saam met Caput het ons die stalletjies en popkoppe gewen en waar ons nie gewen of goed gedoen het nie, het ons Wandagees gesorg dat ons gehoor word.

Met mense soos Isabel Malan, Nanda Barnard en Christien van der Walt het ons met die Puk-kampioenskaplouere weggestap.

Ons moet darem die ander koshuise waarsku dat ons van plan is om die hokkie en netbal ook hierdie jaar te wen. Die spanne het al begin oefen.

Wanda-groete.

## Uitspan

Karnaval is verby en die lewe is besig om na normaal terug te keer. Die eens begaafde akademie moet nou met groot moeite en sweet opgediep en ingehaal word.

Die Uitspanners het alle verwagting oortref en derde in die karnavalkompetisie geëindig. Die sukses word toegeskryf aan die onbaatsugtige diens wat elke inwoner verrig het.

Ons "Volley-ball"-blad het intussen van lewensgevaarlike oppervlakte na 'n baan van internasionale standaard verbeter. Die amptelike inwyding sal later van stapel gestuur word.

Die "Bachelors-club" se ledetal is besig om 'n sorgwekkende daling te toon. Die karnaval en Dinki se teenwoordigheid word as die sondebokke beskou.

Die interkoshuis-gala het baie goed afgeloop, die manne het dit baie geniet en daar het selfs 'n paar hoogtepunte opgeduik.

Die Uitspanners het in hulle hordes opgetrek na Klooster. Daar het 'n titaniese sokkerstryd ontstaan en na 'n lang gesukkel was die telling twee elk.

Sterkte met die akademie, Pukke!

Rooibeer-groete.

## Liberalia

Met gesigte vol kommer dwaal die ouens tot laat-aand doelloos in die koshuisgange rond, met die hoop om 'n uitweg te vind vir al die probleme – akedemiese probleme wat as gevolg van karnaval 'n onuitwisbare spoor nagelaat het.

Elke af periode is nou van belang. Eers 'n paar woorde wissel om 'n koppie tee op die stoep en weer terug kamer toe.

So teen vieruur se kant word daar van al die frustrasies ontslae geraak op die rugbyveld, die atletiekbaan, muurbalbaan ens.

Eettyd en sleeptyd breek aan. Hennie neem die voortou om sy verloofde, Rina, van Wag-'n-Bietjie te gaan besoek en keer dan gewoonlik net na Schalk, Atoom en Ramaja terug.

Die ouens vergader weer op die stoep om 'n storie of twee te hoor of te vertel. Die aand begin end se kant toe staan, die televisie sluit af met die Stem en op die gesigte van die ouens is daar kommer – die akedemie druk.

## Thaba Jäh

Ons sê baie dankie vir 'n lekker karnaval, en veral dankie aan Kulu saam met wie die karnaval 'n reuse sukses was. Dit is te sien in die feit dat ons die vlot kompetisie gewen het. Oudergewoonte het daar dan ook 'n paar romanse ontwikkel gedurende die tyd, en ons hoop dit is blywend.

Dan is daar ook nog die ampsmotor van die koshuis nl. Blerts, wat swaar dra aan al sy kleure maar tog loop soos 'n bom.

Die feesvieringe is egter voorlopig verby en nou lê die toetse voor. Almal moet vasbyt voor die boeke om in te haal waar daar agter geraak is gedurende die karnaval. Ons wil egter die ouens waarsku om nie so vroeg in die jaar te hard te werk nie want dan sal julle nooit die einde van die jaar haal nie.

Groetnis.

## Heimat

Ja, en so is nog 'n Karnaval onder die stof van tyd begrawe. Heimat bedank Vergeet-my-nie vir die gees wat ons saam kon opbou tydens Karnaval.

Dit wil lyk of die manne van Heimat nou begin kyk na die jaar wat voorlê, want die akademie is nou vir almal 'n saak van die hart, ten minste, 'n saak van die daad vir die meeste.

Dinge in Heimat gaan sy gang soos alle dinge, maar daar is tog 'n paar sake wat genoem moet word: Die "Blue gum club" het nog lede bygekry wat onlangs in die "tande geskop" is. Die A.S.V. (almal sonder vroue) is ontbind.

Dan is daar die geheimsinnige K.K.K.-figuur wie se identiteit verlede jaar op die lappe gekom het, wat weer uit sy skuilplek gesluip het.

Verdere geheime bewegings in Heimat is nog sluimerend in dié stadium van die jaar.

Verlede naweek met die rugbywedstryd teen Kempton Park het Gerard Jordaan (Jorrie) die wendrie gedruk nadat hulle tot in die laaste minuut agter was.

Christo Botha het 'n derde plek gekry in die 400m hekkies in die intervarsity atletiek byeenkoms. Heimat se aflosspan het die aflos gewen.

Verder lyk dit of die belangstelling in pluimbal ook sy intrek geneem het onder sommige van Heimat se manne.

Dankie aan die manne wat in die fietstoer vir ons 'n vierde plek losgery het. Daardeur het ons sommige groter koshuise in die stof laat byt.

In die trapkarwedstryd het dié manne vir ons 'n tweede plek gekry.

Dit lyk of Heimat nou op volle sterkte is ná die uitsluip van 'n paar "slap siele."

Heimat groete.

## Kulu

Die inwonersvraggie is heelwat minder. Met slegs veertien eerstejaars en amper vyftig seniors begin KULU al vroeg met aksies.

Dis kenmekaar, programaande, ontheffings . . . Die ontgroening is reeds deel van 'n heerlike en aangename verlede. Menige "door" verlang sekerlik terug na die aande van konsert hou en hare vleg.

En so vlieg die weke verby en bring ons by karnaval. Hou saam met jou bure karnaval, en siedaar, 'n kitsresep vir 'n suksesvolle "geesvang" en 'n fees van 'n karnaval.

Elke aand word daar vlot gebou en gesels en behoorlik kennis gemaak tot laat. Daarmee word die aande verwyl. "Slaap" is 'n onding en word net in allernodigste omstandighede gedoen.

Tussendeur hou Gang een en Gang vier nog 'n kussinggeveg. Die manne besluit om te kom handgee(?!). Die aand word afgesluit met waatlemoeneet en 'n slapie in die vierkant.

'n Baie oorspronklike "KULU SE KOOS" neem deel aan die Kaap na Rio.

Vrydagaand vertrek die dames na die sportterrein. Dit gaan goed maar twee ongevalle keer terug.

Die hoogtepunt van karnaval was Saterdag. Thaba-Kulu-Jäh is die wenners van die vlotboukompetisie! En om daarna nog vooraan al die vlotte te ry is genoeg om die KULU-dames en Thaba-Jäh meer as net trot te laat voel.

Met 'n behoórlike viering word karnaval die aand afgesluit op 'n hoë noot.

Die akademie wag en die pret is verby.

## Wag-'n-bietjie

Die bont skilpad se dames het Karnaval '79 gevat en dit geplaas waar hulle dit wou hê. Sommer lank voor die Karnaval het die dames al groot interaksies met die Hombré-manne gehad. Die hoeveelheid dames wat nou vassleep in Hombré getuig van die sukses daarvan.

Sommige mans het op 'n ongeleë tyd (na middernag) kom kuier en is met rakette en besems verwilder. Hulle verdediging het sommige dames nat, woedend en met knoppe agter die ore daarvan laat afkom. (!)

Die dames het kragte ingespan en saamgetrek na die Fanie du Toit vir die Mooi-rivierspele. Met 'n goeie gees het almal aan alle moontlike items deelgeneem. Iemand gedink 'n donkie is stadig? Nie as 'n Wag-'n-Bietjie dame op sy rug sit nie.

Die harde werk aan die vlot het dit 'n welverdiende tweede plek besorg. By Hombré het die vlotbouery glad verloop – die innerlike is versterk met pannekoek, vetkoek, roomys en springmielies. Hierdie week drink al die dames dieet-Pepsi.

Voordat die dames hulle ten volle aan die akademie kan wy, lê die atletiekintervarsity en koshuisverjaardag nog voor.



*Oosterhof en Over-de-Voor trou.*
*Foto: Gerhard v.d. Walt*

'n Groep ondernemende jong mans het probeer om die potplante op die koshuis se stoep weg te dra. Hulle het egter nie rekening gehou daarmee dat die huispa op die hulpgeroep van die inwoners van die slaapsaal sal ag gee nie. Byna te laat het hulle hul fout agtergekom. Onthou volgende keer dat die opvoedkunde-gebou se kennisgewingborde nie genoeg skuiling bied nie – 'n mens het bene ook, weet julle . . .

'n Derde van Klawerhof se inwoners het verlede week in die bed deurgebring. Dinge begin nou na normaal terugkeer nadat die maaggriep-epidemie byna hande uitgeruk het. Menigeen kon naderhand nie meer die droë roosterbrood en swart tee in die oë kyk nie, en is baie bly dat sy nou weer vaste spyse kan geniet. Welkom terug in die land van die koshuisinwoners.

Baie geluk ook aan Erina en Jan-Louis met hul verlowing – ons is saam met julle bly. Lekker nou, né!

CERTAIN T SHIRTS
HIGH QUALITY SILKSCREEN PRINTERS
4 Grobler Street, Potchindustria
Tel. 23863

Turkstra
BAKKERY
SMAAKLIKE VLEISPASTEIE BY DIE PUK-PIK!

POTCH-INRY
Mrt. '79 Tel. 21881
26–27 1ste THE GREATEST – Muhammed Ali.
30–31 2de THE GREATEST – Muhammed Ali.
28–31 1ste DIE VYFDE SEISOEN – Martin Dreyer.
APRILVERRASSING – SUPERMAN

# Wapadjies

**Bel Jacques by 3468 (Klooster) en laat 'n boodskap.**

**HOU S.A. SKOON:**
Die Bult-Droogskoonmakery en wassery, Uitsigarkade, reken vinnig en flink af met ghriesmerke, vetkolle en ander vorms van besoedeling. Kledingstukke binne slegs 80 minute droogskoongemaak. Wasgoed binne 'n halfdag gewas en gestryk.
Ure: Maandag tot Vrydag – 7vm. tot 5.30nm. Saterdag – 8vm. tot 1nm.

**KIES & KEUR:**
Lyk jou kamer soos Vaalwater? Kry 'n poster by Kies & Keur! Val jou knope af, nate trek lös? Naaldwerkbenodigdhede galore by Kies & Keur! Behalwe materiaal, hoede, kunsblomme en mandjies, het ons nog stapels en stapels ander goed. Vat 'n dag af en kom snuffel rond by:- Kies & Keur, Tomstraat 98.

**MOOI BLY?:**
Kom kyk na ons groot verskeidenheid parfuum, verslankingsmiddels, proteïnvoedsel en skoonheidsmiddels vir 'n jaar van skoonheid wat voorlê. Die Bult Apteek, Tomstraat 88B & C, Potchefstroom. Tel. 5943.

**BLY RY EN RY BLY:**
Nigrini Batterye is die naam as jy jou kar wegspringgereed wil hou – sonder sweet, sonder bloeddruk en teen 40% korting, spesiaal vir PUK-studente lag jy heelpad bak toe op sakgelddag. Storm sommer nou na Lombardstraat 27 vir jou battery. Tel. 7605.

**HOOR EN SIEN VERGAAN?:**
Radio- en TV-dienste het 'n wye reeks batterye vir rekenaars, horlosies, radio's of wat ook al.
Ons kitsrekenaars en Aiwa stereo audioversterkers vir motorradio's is ons trots – die beste in Potch, Lombardstraat 42.

**WIE WIL TROU?**
Ons het kortpad vir jou; besoek Elwinna, Santam-deurloop; Tel. 5412, vir daardie mooiste troutrek vir jou.

**BLOMME, BLOMME, BLOMME:**
Ruikers, groot en klein, lieflike vars snyblomme en potplante wat jou jarelank geluk sal gee, is altyd te kry by FLEURETTE BLOEMISTE. Ons het ook ingevoerde syblomme wat so mooi is dat jy nie kan ophou kyk daarna nie. Maak gerus gebruik van ons KBA diens. Dit kos niks ekstra nie. FLEURETTE BLOEMISTE, Kerkstraat 83, Tel. 4062.

**AFGESNY DEUR DUUR PETROL:**
Dis nie nodig om jou kar in te ruil vir 'n mak donkie net omdat jou reistoelaag nou skielik nie ver genoeg kan rek nie. Met 'n motorfiets van FRANK MOTO X kan jy meer as tweekeer so ver kom met dieselfde petrol. Vir alle PUKKE van statige professore tot fyn dametjies is daar die regte model by FRANK MOTO X, Lombardstr. 13, Tel. 5723, Potch.

**VERSLANKERS!**
Bly asseblief ver weg van TURKSTRA BAKKERY want dis meer as wat vlees en bloed kan verdra. As jy eers eenmaal jou oë laat dwaal het oor ons goudbruin koeksisters, ons heerlike "kingsize" oliebolle, gevul met konfyt en room, terte, koeke en pasteie. Dis nie so moeilik om TURKSTRA te vermy nie. Hulle is in Kerkstraat.

**WERK!**
Vakansiewerk vir mansstudente in die Aprilvakansie: verdien vanaf R100 per week vir demonstrasie en die neem van bestellings vir huishoudelike artikels. Losies en vervoer word verskaf. Kontak student Dust by telefoon 339616, kode 016, Vanderbijlpark, vir verdere besonderhede.

**STAAK DIE GEKEKKEL:**
Sê dit liewer met blomme. Blomme betuig liefde, inspireer, troos, sê dankie. Al wat jy moet doen, is om jou gesig by die geleentheid te laat pas. HUIS EN TUIN het die blomme, kom soek jou sêgoed by ons. Tomstraat, Potch.

**TROUKAARTJIES:**
Ons het, letterlik, eenduisend-voorbeelde van troukaartjies en bybehore vir daardie mooiste dag in u lewe. Ons nooi u om gerus ons katalogus te kom deurkyk, sodat u die heel beste keuse kan maak. Ons verseker u van persoonlike aandag en sal graag u vrae beantwoord. Skakel enige tyd! Tel. 24574.

**WEES IN DIE MODE:**
Skep jou eie uitrustings met 'n Elna, ons gratis lesse, raad en hulp. Santam-deurloop, Potch. Tel. 5412.

**EK ADVERTEER KLEIN:**
My profyt is klein – natuurlik tot u voordeel! Nuwe fietse, gebruiktes, onderdele en herstelwerk. Moenie baie sukkel nie – laat wiel na: PARK FIETSWINKEL (F.F. Tranter). TEL. 4731, Van Riebeeckstraat 81.

**TIKWERK:**
Tikwerktarief: Enkelreël – A4 – R1,00 (tikpapier ingesluit). Een en 'n half – A4 – R0,75 (tikpapier ingesluit). Tik van wasvelle: R0,75 (wasvelle uitgesluit). Kontak mev. M. Myburgh, Gypsumstraat 15, Carletonville, Tel.: 01491 – 2850.

# PUK XV STAAN HUL MAN

**Die PUK XV het hul Saterdag 17 Maart bo verwagting goed van hul taak gekwyt teen die Daly Ford vyftiental wat uit 'n hele aantal provinsiale spelers bestaan het.**

Die PUK XV het met sewe en dertig punte teen twee en dertig gewen nadat hul tydens rustyd met agttien punte agter was.

Dirk de Vos wat Zillen Roos vroeg in die wedstryd vervang het, het bewys dat hy bo-gemiddeld fiks is deur twee vol wedstryde te speel. Sy puik uitgee na Michael Carlisle het gesorg vir die eerste drie aan die PUK XV se kant. Michael het altesaam drie drieë gedruk en kan hierdie jaar nog baie vir die PU-rugbyspan beteken. Kobus van Wyk en Louw Venter se goeie samewerking het die tweede drie vir die PUK XV besorg. David Smith (Rhodesië) het getoon dat hy beslis van Springbokgehalte is. Schalk van der Merwe het met sy spoed en fyn taktiek skitterende spel gelewer. André Markgraaf het ook duidelik in die lynstane en skrums gewys dat hy glad nie vir manne soos Kevin de Klerk terug hoef te staan nie. Thys Lourens was weereens 'n puik kaptein en het bewys dat hy vir nog 'n seisoen van provinsiale rugby reg is.

Uitblinkers aan die Daly Ford se kant was manne soos James Young, Joe Coetzer, Flippie Venter, Gerald Venter en Kevin de Klerk.

Volledige uitslae van die ander wedstryde is soos volg: Ibbies verloor 13-6; Tweede span verloor 28-10; Derde span wen 42-6; o/19 wen 15-14; o/20 A verloor 20-15; die Jongspan verloor 31-0. Al hierdie spanne het teen Weermag gespeel.



*André Markgraaf het geensins vir Kevin de Klerk teruggestaan nie.*




*Dirk de Vos in sy kenmerkende styl.*



*'n Skoon uitgee van Thys Lourens na Kobus van Wyk.*

## KORTSPORT

ATLETIEK

Saterdag 24 Maart neem die volgende PU-atlete deel aan die Noord Transvaalse kampioenskap te Pilditch in Pretoria:

Senior mans: Piet Goosen (werpskyf, gewigstoot); Dawie Malan (paalspring); Fanie Camfer (verspring, driesprong).

Senior dames: Isabel Malan (verspring, 100m hekkies); Saartjie de Villiers (skyfwerp); Estie van der Merwe - voorheen Robbertse (spiesgooi); Nanda Barnard (hoogspring); Leonie Smit (400m hekkies); Retha Swart (4 x 100m aflos).

Mans o/21: Adriaan de Lange (1 500m); Jan Theron (100m); Willem Gunther (verspring); Willem Coetzee (skyfwerp, gewigstoot).

Dames o/20: Viviën Louw (100m); Christine van den Vyver (hoogspring); Christine Bensch (skyfwerp, gewigstoot).

Die volgende PU-atlete is uitgenooi om aan die SAAAU-verjaardag atletiek byeenkoms by die Herman Immelman Stadion in Germiston te gaan deelneem: Jurie van der Walt (110m hekkies); Christo Botha en Tommie Ferreira (400m hekkies); Fanie Camfer en Willem Gunther (verspring); Christine Bensch (skyfwerp en gewigstoot); Saartjie de Villiers (skyfwerp). Die byeenkoms vind Maandagaand 26 Maart plaas.

RUGBY

Tydens Saterdag se rugby-dag teen Wits in Johannesburg neem die volgende PU-spanne deel: Die eerste span, die Ibbies, die Bulspan, die Jongspan, die o/20 A span en die o/19 A span.

STOEI

Saterdag 17 Maart is daar Springbokproewe gehou ten einde 'n span te kies wat Suid-Afrika teen Taiwan sal verteenwoordig. Christo Lottering en Danie Bekker het vir Wes-Transvaal deelgeneem. Albei hierdie stoeiers behoort aan die PU-span. Christo (bo 100 kg) en Danie (52-57 kg) het kwaai teenstand gehad en kon nie die Springbokspan haal nie. Christo Lottering het egter derde geëindig in sy afdeling.

GEWIGOPTEL

Die PU-gewigoptelklub het Saterdag 17 Maart in Johannesburg aan die Suid-Transvaalse beginnerskompetisie deelgeneem. In Olimpiese stote het Herman de Bruin 'n eerste plek behaal in die ligswaar-afdeling (75-82.5 kg). Leon Labuschagne het in dieselfde afdeling 'n goeie 77 kg opgeraap, maar het ongelukkig met die ruk-en-wip die gewig verloor op 102 kg. Koos Henning van die PUK wat 'n Suid-Afrikaanse 67,5 kg Olimpiese - gewigoptelkampioen is, het tydens die kompetisie 'n demonstrasie gelewer.

Op 31 Maart is daar 'n kompetisie tussen die PU-gewigoptelklub en Wits. Met meer ervare manne soos Eugene du Plessis, Leon Labuschagne en Renier van Rensburg behoort die PU-span dinge vir Wits moeilik te maak.

MUURBAL

Wedstryde vir die komende week is soos volg:

Eerste liga: Woensdag 28 Maart, Pukke vs Weermag (PU-bane)

Tweede liga: Dinsdag 27 Maart, Pukke vs PBHS (PBHS-bane).

Derde liga: Woensdag 28 Maart, Pukke vs College Masters A (PBHS)

Damesliga: Dinsdag 27 Maart, Pukke A vs Vaal Reefs A (Vaal Reefs).

JUDO

Saterdag 10 Maart het PU gekombineer met Noord-Vrystaat 'n oorwinning van 55-10 oor UOVS behaal en gelykop teen RAU geëindig met 26 punte elk. In die individuele kompetisie het die PU-deelnemers baie goed gevaar.

Junior Springbokke Hugo Pienaar (o/60 kg), Johan Boshoff (o/71 kg), Charl Botes (o/78 kg) en Ronell Campher (o/72 kg) het elk goue medaljes ontvang. Renè Rautenbach het 'n silwer medalje in die o/52 kg afdeling ontvang.

Ronell Campher het die trofee vir die dame met die beste tegniek ontvang.

TENNIS

Die PU-tenniskampioenskap het Saterdag 17 Maart begin. Die enigste opwinding van die dag was toe Henry Jacobs (vyfde gekeur) vir Bennie Hattingh met 6-3, 4-6 en 7-5 gewen het. Die volledige uitslae tot dusver is:

Derde rondte: Dames enkelspel:

Mariëte Schoonraad wen Esmé Haylett (6-1, 6-1). Magda Smuts wen Barbara du Busson (6-2, 7-6). Elbé Kruger wen Joana Rautenbach (0-6, 6-2, 6-2).

Mans enkelspel:

Henry Jacobs wen Bennie Hattingh (6-3; 3-6, 6-4). Pikkewyn Malan wen Bennie Smith (6-1, 6-0).

SPORTAFRIGTERS

Sportafrigters word benodig vir hulp by Ikageng en Promosa. Daar word veral gesoek na L.O.-studente. Enige persoon wat kan help met die afrigting van atletiek, sokker, krieket, netbal, tennis, korfbal en pluimbal kan Deon Meyer skakel by bussie 7 by die SSR-kantoor.

TAFELTENIIS

Saterdag 17 Maart het die PU - tafeltenniskampioenskap plaasgevind. Twintig mans en twaalf dames het opgedaag. Adré Olivier het die dames enkelspel gewen. Martin Piek het die mans enkelspel gewen. Die mans dubbelspel is deur Martin Piek en Pierre Schmidt gewen. Die Wes-Transvaal liga byeenkoms het ook al begin. Die PU het hul eerste wedstryd teen Brick and Tile van Vereeniging met dertig punte teen vyf gewen. Daar is vanjaar vyf spanne in die liga ingeskryf.

# NETBAL GOOI BAL

**Daar is vanjaar vir die eerste keer van eksterne keurders gebruik gemaak om die PU-netbalspan te kies.**

Die spanne bestaan uit die volgende speelsters:

Doele: Rina Papenfus, Louise Wessels, Elsbet van den Heever en Elmarie Taljaard. Verdedigsters: Marlene van Heerden, Marieta van Eeden, Marina Labuschagne en Hettie Venter. Senters: Lynette Smith, Rina Greyling, Leonie Scott, Zena van den Heever, Adré Olivier en Santie van der Merwe. Die reserwes is Gerda Saunders en Edith Parsons.

Tydens die intervarsities en die Suid-Afrikaanse Universiteite kampioenskap gaan hierdie spanne teen onder andere Kovsies en Maties deelneem.

Die PU-spanne het vanjaar 'n amptelike afrigster en ook nuwe sportdrag. Daar word ook later vanjaar spreiligte opgerig vir die netbalspeelsters.

Die koshuisspanne is ook vanjaar besonder vroeg al besig om te oefen. Verlede jaar se wenners van die koshuisliga, Heide, sal moet ligloop vir Karlien en VerGeet-My-Nie. Klawerhof is ook al hard besig om fiks te word.

Alle koshuisspanne sal Saterdag 31 Maart vir die eerste keer van kompeteer tydens 'n netbal-toernooi. Die koshuisliga begin eers Saterdag 7 April, dan sal die PU-spanne ook aan hul eerste ligawedstryd deelneem.